

Doop

Wanneer 'n uitverkore kind van YAH gedoop word moet dit gesien word as 'n uit / af wassing van Ha satan. Doop gee die geleentheid tot redding uit die ewige verderf na ewige lewe. Baie verwar die besnydenis (*bloed Verbond teken*) met die doop, waarvan die twee in geen omstandighede bymekaar kan uitkom nie. Ek wil eerder sê dat die doop 'n moet is voordat jy Pasga hou, want hoe kan jy Pasga hou as jy nog aan Ha satan behoort.! (*Matt.22:12*)

Joh.3:5,6 YAHUSHA antwoord: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van VADER nie ingaan nie. :6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Hand. 2:38, 39. En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die naam van YAHUSHA die Gesalfde tot vergewing van Wetsoortredinge, en julle sal die gawe van die Gees van VADER ontvang. :39 want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat YAH ons Vader na Hom toe roep.*

1 Pet.1:3. *Geseënd is die VADER en VADER van onse Meester YAHUSHA die Gesalfde wat na Sy grote barmhartigheid ons die geboorte van bo geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van YAHUSHA die Gesalfde uit die dode.*

1 Pet.3:21. *waarvan die teëbeeld(Ware gestalte), die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging (afwassing) van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot VADER om 'n goeie gewete – deur die opstanding van YAHUSHA die Gesalfde. 1 Joh.5:6. Dit is Hy wat deur die waters en die bloed gekom het, YAHUSHA die Gesalfde; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid.*

Ons as verbond kinders / knegte moet 'n Wetsoortredinge besef hê dat ons tot inkering en bekering kan kom sodat ons gedoop moet word, so ook dat ons die gawe van die Gees van VADER kan ontvang in die 1000 jaar van vrede. Met die doop 'was' jy die wetsoortredinge van die ou mens / eie ek weg. Jy staan nou op as nuwe saam met YAHUSHA die Gesalfde. Hy sal jou nou beklee met reinheid (*Die dood moet intree sodat daar lewe kan uitspruit*). Joh.12:24 Om gebore te word van bo is die totale verandering van iemand se status en lewenshouding voor VADER, waardeur die “nuwe mens” tot stand kom en 'n “nuwe lewe” geskenk word. Die geboorte (doop) is nie ons eie toedoen nie, maar deur VADER se ontferming en wil. Wat ook onthou moet word is dat in die outyd toe die voorhangsel nog daar was, was die Verbondsark met sy Versoendeksel (*waaruit YAH gespreek het*) daar agter waar die besprinkeling plaasgevind het. Slegs die Levitiese priesters was daar toe gelaat, maar deur YAHUSHA het toelating / openbaringe gekom wat ons na die aller reinste lei.

VADER het met die foltering ‘die voorhangsel laat skeur’ sodat ons nou saam met YAHUSHA na VADER kan gaan (*Jou liggaam is nou die tempel waar die Gees van VADER woonagtig moet wees*). Die Verbondsark is nou jou hart wat met YAHUSHA se bloed besprinkel sal word sodat jou gewete dit nie kan ‘vervuil’ nie. Jou hele liggaam moet nou rein wees deur die water doop (onderdompeling).

Wat belangrik van die gelese stuk is dat: (1) Jy slegs gedoop kan word met geloof en wetsoortreding besef (*As jong of groot mens {Babas en jong kindertjies moet ingeseën word}*). (2) Baie is al reeds groot gedoop deur een of ander kerk of prediker onder die Baal name (*H*re, J*sus*) wat oorgedoop moet word onder die oorspronklike Naam “YAHUSHA die Gesalfde”.

Wat verhinder my om gedoop te word ? Hand.8:36

1 Pet 1:3-5 *Geseënd is die VADER van onse YAHUSHA die Gesalfde wat na Sy grote barmhartigheid ons die geboorte van bo geskenk het tot ‘n lewende hoop deur die opstanding van die Gesalfde uit die dode, roep. :4 sodat ons ‘n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons. :5 wat in die krag van VADER bewaar word deur die geloof tot die redding wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.*

1 Pet 1:23 *want julle is gebore van bo nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die Lewende Woord van VADER wat tot in ewigheid bly.*

Joh. 3:3 *YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van VADER nie sien nie.*

1 Joh. 5:13 *Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van VADER, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van VADER.*

Filippus word gestuur deur VADER in Hand. 8:38 *En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het al twee in die water afgeklim, Filippus en die hof dienaar; en hy het hom gedoop*

Dus na geloofsoortuiging kom die doop. Net vir die interessante, baie wil die hof dienaar sien as ‘n swarte omrede hy ‘n Ethiopiër was wat nie so is nie.

Hy was wel ‘n burger van Ethiopië, maar het elke jaar die feeste van “Judeërs” gaan bywoon. Die *Yashar’EL* / Judeërs sou beslis nie anderskleurige / volke op hulle feeste toegelaat het nie.

Klaag. 1:10 Jod. Die teëstander het sy hand uitgesteek na al haar kosbaarhede; ja, sy het gesien hoedat heidene in haar heiligdom kom, van wie U bevel gegee het dat hulle in U vergadering nie mag kom nie.

Deut. 23:2 Geen baster mag in die vergadering van YAH...

Wonderlik om te weet wat die Skrif vir ons deurgee.

Open.7:14....*En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.*

Open.1:5 *en van YAHUSHA, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons Wetsoortredinge gewas het in Sy bloed.*

Hand:2:39 *Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat YAH onse Vader na Hom sal roep.*

Pet.3:21 *waarvan die teëbeeld (Ware gestalte), die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot VADER om 'n goeie gewete—deur die opstanding van YAHUSHA*

Pet.3:22 wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van VADER is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.

Die oumens moet sterf wat aan die ou Verbond verbonde was. Die oumens kon nie die, wet en verordining, in die verbonde onderhou nie. Weet julle dat Ha satan slegs met dié werk wat onder die ou verbond staan. Hy kla hulle aan volgend die wette van Moses. Daarom die voortdurende druk op die uitverkore wat nie onder daardie wetsplig wil kom nie. Ondersoek die verbonde en sien dat daar meer as net die huweliksverbond is. Ons wat vergelyk word as 'n 'koringkorrel' wat in die grond moet kom en benat (gedoop) word sodat vrug na vore kan kom lees ons in Joh 12:24 *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.*

Ha satan en sy volgers sal hulle bes probeer om jou te verwar en bang maak om die regte besluite oor jou lewe te neem. Daarom staan op en breek deur die sataniese hindernisse met die beskerming wat daar vir ons gelaat was deur ons Losser en Koning "YAHUSHA".

Die doop is 'n gelofte wat afgelê word, waar 'n plegtige belofte, aan VADER beloof word dat dit jou onderneming sal wees om HOM verewig te wil dien. Dit moet 'n belydenis van oortredinge wees. Die doop moet gesien word as die sleutel van 'n deur wat oopgemaak word sodat jy kan ingaan en die maaltyd saam met Hom kan geniet. Baie dra sleutels om deure oop te maak, maar min wetend is dié sleutel "YAHUSHA dié Nasaréner" en nie J*sus Christus van die kerke nie.

Soos in Matt. 7:14, 15 staan: *Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind. :15 Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsgtige wolwe is.*

Stappe wat sal volg (**Voor doop**).

Die dopeling moet bloed en vlees deelagtig wees (*Biologies*).

Hy moet glo en getuig dat YAHUSHA dié Gesalfde Seun van VADER is.

Hy moet wetsoortreding besef en berou daarvoor hê, en dit bely voor VADER.

Vra aan hom die volgende vrae (*Wat almal 'n "Ja" moet wees*) nl.:

- 1) Glo jy dat daar 'n VADER en 'n Seun is?
- 2) Glo jy dat VADER SY Seun gestuur het?
- 3) Glo jy dat SY Seun kom sterf het omrede jy Sy wette oortree het?
- 4) Glo jy dat die Seun weer opgestaan het uit die dode?
- 5) Besef jy dat jy 'n wetsoortreder is?
- 6) Wil jy met jou hele hart, verstand en al jou krag gedoop word?
- 7) Wil jy onder YAHUSHA (*Ons Man*) se wette en verordining staan?

Die dopeling moet 'n begeerte hê om gedoop te word.

Stappe wat sal volg (**Tydens doop**).

Doen 'n gebed vir die doopling in die water (*Voor onderdompeling*) dat VADER die siel in ontvangs sal neem.

Sê: "Ek doop jou in die Naam van **"YAHUSHA die Gesalfde"** die Seun van VADER" (*Nou kan die dopeling die verlowingstyd betree wat 'n gawe is van VADER en dat die dopeling {'as bruid'} in die 1000 jaar van vrede die geboorte van bo kan ontvang*).

Doop die persoon ten volle (*onderdompeling*) in die water.

Spreek die seën uit oor die dopeling met die woorde:

VADER sal jou Seën en jou behoed;

VADER sal SY aangesig oor jou laat skyn en jou goedgunstig wees;

VADER sal SY aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Stappe wat sal volg. (**Na doop**)

Die Gees van VADER (*in jou*) gaan nou uit sy latentheid, en is nou oop om ontvanklik te wees. Die gawe en seëning van VADER sal intree as dit VADER behaag. Met geloof versekerdheid sal VADER jou toets en beproef (*vuurdoop*).

Versoekinge van die bose (*die ou lewe*) sal altyd daar wees, maar die aanvalle deur 'Ha satan en sy werkers' om te keer dat hy gedoop moet word is verby.

Om gebore te word van bo is die totale verandering van iemand se status en lewenshouding voor VADER, waardeur die "nuwe mens" tot stand kom en 'n "nuwe lewe" geskenk word. Die geboorte / doop is nie ons eie toedoen nie, maar dat dit deur VADER se ontferming geskied en deur die evangelie, wat die "Woord van VADER is", m.a.w. 'YAHUSHA'. Die gees wat daar in jou was, was latent en is nou wakker gemaak deur VADER.

Jou siel moet nou 100% terug staan vir die ontwaakte Gees van VADER om oor te vat by die siel. Laat die Gees van VADER die siel nou lei na die 'lewe'.

230.
Ter afsluiting:

Die doop en geboorte van bo het wel met mekaar te doen, maar moet verskillend gesien word. Die begeerte om gedoop te word lê by die mens. VADER trek jou wel nader tot die besef om gedoop te word, maar jy as individu moet daardie besluit neem in jou lewe. Doop beteken: 'n nuwe geleentheid tot lewe uit dood. Baie is gedoop en tot hulle teleurstelling was hulle nog steeds in die ou lewe, dus het doop vir hulle net 'n ritueel geword.

Geboorte van bo kom slegs van VADER . Geboorte van VADER kan voor of na die 1000 jaar van vrede plaasvind, maar met die wete dat 'n man wat van bo gebore is van plek tot plek kan manifesteer, dooies opwek, ens.

Wat belangrik is oor die doop moet die doop nie gesien word as 'n geboorte van bo nie, maar eerder gesien word as 'n verloofring. Ons man "YAHUSHA" het ons gevra om te trou "waarvan jou antwoord "ja" moet wees" anders sal jy deel uitmaak van die veroordeeldes (*ou verbond*). Jer.31:31

Matt. 26:28 Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van oortredinge. Joh 17:19 En Ek sonder Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid afgesonder kan wees. Joh 17:24 VADER, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My lofwaardigheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.

Moenie aarsel om daardie ring van eenheid en getrouheid te dra nie. YAH is verlief op ons daarom het Hy Sy lewe kom uitstort tot 'n nuwe begin. VADER wat streng en regverdig is, sou ons as die uitverkore lankal uitgewis het weens ongehoorsaamheid, maar deur SY Seun se liefde vir ons, wel laat voort bestaan (*Ex. 32:10 Laat My dan nou begaan, dat My toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer. Dan sal Ek jou {Moses} tot 'n groot nasie maak..*).

Matt. 19:27 Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?:28 En YAHUSHA sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die geboorte van bo wanneer die Seun van die mens op Sy lofwaardige troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van ~~Israel~~ Yashar'EL sal oordeel.

Joh 6:68 En Simon Petrus antwoord Hom: Meester, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe.:69 En ons het geglo en erken dat U die Gesalfde is, die Seun van die lewende VADER.

(Langsaan is die 'getuienis kaart' wat ek gee met die doop van 'n nuweling).

My Getuienis.

Ek.....is verseker van my redding by U 'o' VADER. In aanbidding en berou staan ek voor U: Vir aflegging van Wet-oortredings; Vir toelating tot geboorte van bo; Vir inlating in U Koninkryk.

Ek vra dat U Rein Gees in my mag werk sodat ek onberispelik in siel en liggaam rein mag bly. Bewaar my 'o' VADER met U Rein Gees tot die dag van wederkoms. Laat U Rein Gees my help om U Wette na te kom en mag U Lig nooit uit my geblus word soos vuur nie, maar eerder sal brand tot die einde toe. Ek dank U o VADER vir al die seën en reinheid wat U my skenk in U Rein Gees "YAHUSHA" die Gesalfde, U Eniggebore Seun.

Nogtans nie my wil nie, maar laat U wil geskiet.

Op grond van U Woord in 1Jo 5:11-13.. *dat {U 'o'} VADER ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in SY Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van VADER nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van VADER, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van VADER {YAHUSHA}.*

Op grond van U natuur 'o' VADER in 1 Joh.5:1-9

Op grond van U beloftes in Joh. 5:24.. *wie My woord hoor en HOM glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.*

Daarom bely en verklaar ek:

- a)Dat ek 'n uitverkore kind van U Seun YAHUSHA is wat U gesalf het as Koning en Priester 'o' VADER;
- b)Dat YAHUSHA as YAH ons 'Koning' 'n tweede keer gaan kom;
- c)Dat YAH-U-SHA U Seun is o VADER wat U gestuur het om my oortredinge weg te neem.

Op _____ het ek

Datum

my lewe oorgegee aan U 'o' VADER en YAHUSHA U Gesalfde Seun, om oor my te heers. Dat ek U getrou as my Meester sal dien totdat U my eindag as bruid sal oorgee aan U Seun om vir ewig saam met Hom te kan wees.

Werker

Dissipel